wat amper ons lewens geëis het, sal ons in die sitkamer op 'n plek sit waar dit baie getrap sal word.

NA die ondervinding het mense van oor die hele Unie en Suidwes my gelukgewens en my familie in Cathcart het dadelik gebel toe hulle van die voorval in die koerante lees. Inwoners van Outjo, onder wie ek nog 'n vreemdeling is, het my in die hospitaal kom besoek, en ek het baie nuwe vriende gemaak.

Selfs uit Sussex, Engeland, het ek 'n lugposbrief ontvang van 'n dame wat die storie in die koerante daar gelees het. Sy was jare gelede met vakansie in ons land en praat mooi van Suid-Afrika. Sy het haar brief in Afrikaans gesluit: Met beste wense.

Die tyd in die hospitaal is vir my baie swaar as ek dink aan al die werk op die plaas wat nou net so bly lê. My seuns is in die skoolhostel by Biermanskool en ek wou nog hulle klere in die vakansie reggemaak het.

Ek hoop maar die dokter gee gou sy toestemming dat ek kan teruggaan na ons plaas toe.

# Dapperste Vrou op Aarde



*U kyk nou in die oë van 'n dapper vrou—mev. R. C. Els, afgeneem in die hospitaal op Outjo. Sy het eers die leeu 'n klap gegee, maar toe dit nie vir vuilbaard wou afskrik nie, het sy hom aan die kop beetgepak . . .*